

April 2013

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Groot Probleme !!! Ek stoor nog al die jare my foto's op ACDSsee en gebruik die "caption" opsie om by elke foto 'n beskrywing en ook die bron waar ek die foto gekry het te stoor. Om meer spasie op my hardeskyf te kry kopieer ek toe al die foto's na 'n eksterne hardeskyf en net om dubbel seker te maak dit gaan nie verlore nie kopieer ek dit ook na 'n aantal CDs. Nadat ek my rekenaar se hardeskyf skoongemaak het kom ek agter die inligting van die foto's is nie saam met die foto's gestoor [en gekopieer] nie maar word wel op 'n aparte databasis gestoor. Nou sit ek met 1800 ou foto's van Pretoria en sy mense sonder enige inligting.

8. Pretoria gister en vandag [Pretoria News, 1988-02-26]



Hove's Drift

Meintjies Kop was still bare

An ox wagon crosses the Apies River at Hove's Drift (picture above) in an era when Meintjies Kop (in the background) was still barren.

The drift was situated where Prinsloo Street and Bloed Street today join Dr. Savage Road, south of the H.F. Verwoerd Hospital.

Hove's Drift was well known to travellers in the olden days, and was named after a Mr. Hove who had a mill at the drift. The ruins of the mill can be seen on the left of the picture. The area on the right held a British camp during the South-African war.

The first bridge built over the Apies at this spot was known as Hove's Bridge. Today a modern structure carries heavy traffic to the city's northern suburbs (picture below).

(Pretoriana picture submitted by Mr. F.H. Beyers of Ben Viljoen Street, Pretoria North. Text by staff writer Daan de Beer.)



Dieselfde gebied in 1988



Foto uit my versameling ca. 1900

Vir meer inligting oor Meintjieskop kyk na die Pretoria Brief van April 2004. Indien u nie meer die brief het nie, "GOOGLE" Rosa Swanepoel Collection.

Theodor Hermanus von dem Hove

In boeke en in die ou koerante kry ek verwysings na Hove [6 verwysings], Van den Hove [8], Van der Hove [4], Von den Hove [1] en Von dem Hove [9]. So ver ek kan aflei verwys almal na dieselfde persoon.

Dr. Herman Rex [wat algemeen beskou word as 'n goeie navorser] noem hom Von dem Hove en so ook J. Cloete in sy doktorsale verhandeling oor die ontstaan en ontwikkeling van die munisipale bestuur in Pretoria, so dit is hoe ek hom deurgaans sal noem.

T.H. von dem Hove het oorspronklik op 'n gedeelte van Erf 350 aan die westekant van Kerkplein gewoon. Toe die kantoor van die Weesheer op 16 Oktober 1869 afbrand huur Jeppe, die Weesheer, 'n kamer in die huis by Von dem Hove. Vanaf die begin van 1873 word die hele huis by Von dem Hove gehuur en is verskillende staatsdepartemente daar gehuisves terwyl die nuwe staatsgeboue [die Ou Raadsaal] in aanbou was [Rex-02, p198]. Soos met so baie mense in daardie tyd die geval was het die grond nie aan Von dem Hove behoort nie. Die erf het oorspronklik aan M.W. Pretorius behoort wat dit in 1861 aan Stephanus Schoeman verkoop het. Later verkoop Schoeman die middelste deel van die erf aan Von dem Hove en op 1 April 1878 word dit op sy naam getranspoteer [Rex-02, p255].

Von dem Hove was 'n vername persoon in Pretoria. In 1877 toe die "Pretoria Municipal Board" gevorm is om na die sake van Pretoria om te sien is hy gekies as 'n lid van die komitee, saam met J.R. Lys en J.A. de Villiers [Arg-03, p84].

In 1878 word sy seun gebore in Orange Villa [De Volksstem, 1878-01-15]. Die huis was heel moontlik in Kerkstraat-Wes. Soos heelwat ander Pretorianers vertrek hy oorsee kort voor die eerste A.B.O. In De Volksstem van 19 Maart 1878 word berig dat hy na Europa vertrek en dat sy goedere by sy huis in Kerkstraat-Wes verkoop gaan word. Volgens die advertensie is die huis reg oorkant die kerk geleë. 'n Maand later [De Volksstem, 1878/04/16] word berig dat hy aan Jeppe volmag verleen om tydens sy afwesigheid namens hom sake te doen.

Op 9 April 1878 plaas Von dem Hove 'n boodskap in De Volksstem waarmee hy vaarwel sê aan al sy goeie vriende in Pretoria.

Dit is nie seker wanneer hy weer na Pretoria terugkeer nie. Sy naam verskyn eers weer in Oktober 1882 in die koerant toe hy 'n dokument onderteken om J.C. Preller te versoek om te staan vir die Volksraad [De Volksstem, 1882/08/27]. In diesefde jaar word ook berig dat sy dogter gebore is op 9 Desember.

In 1883 is hy een van die persone wat 'n bydrae gee vir die Java Rampfonds, en die volgende jaar onderteken hy 'n nominasie vir H.W. Struben vir die Volksraad.

In die tyd woon hy op 'n stuk grond in die noord-oostelike buitewyke van Pretoria. Op 'n kaart van 1889 [Van Vooren & Oerder, *Kaart van Pretoria Z.A.R.*] sien ons aan die noordekant van Pretoria die grond van T.N. de Villiers; Rus in Urbe van J.F. Celliers; Riversdale van E.H. de Waal; Prinsenhof; en dan die grond van T. Hove en Meintjes. Tussen Hove en Meintjes se grond loop die pad "naar Nijlstream" oor die Apiesrivier en op die

kaart is daar geen aanduiding van 'n brug nie. Dit is seker waar Hove's Drift was.

Tien jaar later lyk die kaart [*Donaldson & Hill's New Map of the City of Pretoria and Suburbs*] heelwat anders. Die grond is nou soos volg verdeel: Frischgewacht van die Duitse Sending; Belle Ombre en Sans Souci van T.N. de Villiers; die verlenging van Markstraat; die "Zoological Garden"; Riversdale; Prinshof van H. Nourse [jnr.] en C. Pierneef. Die res van die grond behoort alles aan die "W.W. Rand Township Est. & Fin. Co." Die pad na Nylstroom loop deur die grond en daar is nou 'n brug op die kaart geteken.

Wat verder van Von dem Hove geword het is nie bekend nie. In die ou begraafplaas in Kerkstraat is daar net 'n graf van een van sy seuntjies wat in 1882 op sewejarige ouderdom gesterf het [And-01, p36].

Bronnelys

- And-03 Andrews, Tom. 1994. **God's Acre. Church Street Cemetery.**
Arg-03 **Argief Jaarboek, Jaar 23, vol. 1** [Stadsraad]. 1961. Elsie's
River: National Commercial Printers.
- Rex-03 Rex, H.M. 1956. **Geskiedenis van die Eerste Ou
Goewermentsgebou en sy Voorlopers in Pretoria.**
M.A. Verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Kaarte

Donaldson & Hill's New Map of the City of Pretoria and Suburbs.
Compiled by D. Seccadanari, Engineer and Cartographer. Revised to Oct.
1904. (Scale 600 Cape feet = 1 inch.)

Van Vooren, J. en Oerder, J.H. 1889. **Kaart van Pretoria Z.A.R.** (Schaal
400 Kaapsche [Rijnl.] voet = 1 Eng. Dm).

Die volgende interessante stukkie kom uit De Pers, 22/01/1890:

De Fonograaf

Eergisterenavond werden wy in de gelegenheid gesteld kennis te maken met die verbeterde Fonograaf, een der laatste uitvindingen van den beroemden Edison. De fonograaf is een instrument hetwelk de woorden daarin gesproken getrouw met de zelfde kraght en met denselfden klank teruggeeft. Ook muziek, fluiten, schreeuwen, ieder geluid zal stipt door de fonograaf worden opgenomen en weergegeven. Het instrument wordt gedreven door een battery welke een dynamo in beweging brengt. Ieder geluid in den fonograaf gebracht, word door een klein byna ontzichbare naaldje, afgedrukt in een cylinder welke is tezaamgesteld uit caontchone [?], en nog enig bestanddeelen welke, daar zy een gedeelte van het geheim des uitvinders vertegenwoordigen, niet vermeld kunnen worden.

De heer E.S. Ali Cohen, als vertegenwoordigder der Z.A. Handelsmaatschappy, had by zyne aanwezigheid in Amsterdam, Holland, de gelegenheid om in zyn instrument een toast op te nemen uitgebragt op Z.H.Ed. den Staatspresident, door den heer Z. v.d. Bergh, advokaat aldaar. Wy namen dezen speech woordelijk uit de fonograaf over: "Het bestuur der Z.A. Handelsmaatschappy dat met zyn gemachtigde den heer E.S. Ali Cohen, de eerste fonograaf naar Z. Afrika brengt, acht het een voorrecht U.H.Ed.

daarmede zyn eerbiedige groetenis overtebrengen. Moge het U.H.Ed. gegeven syn, nog lang te regeeren over het schoone land, dat gy in moeilyke dagen naar het schoone doel der vryheid hebt geleid, en het daardoor nog lang de zegeningen van den vrede doen genieten, die reeds zulk een schoonen bloei over de Transvaal heeft gebracht. Lang leve de Staatspresident! Gesproken op 2 December 1889 ter kantore der Zuid Afrikaansche Handelsmaatschappy.”

Wy horen buiten dezen toast nog eenige muziekstukken van den bekende muziek virtuooos Remenyi. Een geboren Afrikaan te Brussel gaf eveneens aan den heer Cohen zyne groeten aan het vaderland mede. De heer Cohen had de beleeftheid om de aanwezige heeren in het instrument te laten spreken, zingen, enz, een oogenblik daarna kon men duidelik de geproken woorden door de fonograaf hooren herhalen. Voor nauwkeuriger volging van een gesprek neemt men een gutapercha [?] welken uiteinden van glas en vorkvormig zyn, en drukt deze aan het oor. Voor sterkere geluiden wordt een metalen trechter gebezigd, waardoor men in staat is, selfs op grooteren afstand ieder geluid duidelyk te kunnen onderscheiden. Wy hooren dat de heer Cohen nog enige tyd hier denkt te blyven, en hopen daardoor nog dikwyls met de fonograaf in aanraking te kommen.

Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel

The Heights : New Book by Paul Els

A new book *Chronicles of The Heights* by Paul Els comprising two volumes (726 pages) with over 1600 pictures on the history of the Military Cantonment/Roberts Heights/Voortrekkerhoogte (now known as Thaba Tshwane) is now available. It covers the history of the area and includes chapters on the buildings, SA and British military units, churches, hospitals, schools, street names, sports, cemeteries, Swartkop air base and many more between 1900 and 1994. Also included is a short history of the Pretoria suburb Valhalla. The book can now be ordered from epos@groep7.co.za. Details are available on the net at www.groep7.co.za and <http://groep7drukkers.blogspot.com>”.